US se Bestuurskool ontvang A-gradering in wêreldwye opname

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het weer eens 'n A-gradering ontvang as een van die "universele bestuurskole met belangrike internasionale invloed" in 'n wêreldwye opname deur EDUNIVERSAL.

EDUNIVERSAL het sy Five Palms-toekenning, die hoogste eer aan 'n bestuurskool, by sy Wêreldkongres wat op 26 en 27 Oktober 2009 in Kaapstad gehou is, aan die USB oorhandig. Die USB is een van net drie bestuurskole in Afrika wat 'n A-gradering ontvang het.

Die Amptelike Seleksie-opname is 'n inisiatief van SMBG, die voorste Franse konsultasiemaatskappy in studente-oriëntasie en menslike hulpbronne. SMBG het 'n internasionale wetenskaplike komitee versoek om die 1 000 voorste bestuurskole te selekteer met universaliteit, internasionale erkenning en gehalte as maatstawwe. EDUNIVERSAL is die eerste hulpmiddel wat 'n werklik universele perspektief op hoër onderwys bied.

"Dit is 'n eer om weer eens die ondersteuning van so 'n invloedryke globale opname te ontvang," sê professor Eon Smit, direkteur van die USB. "Ons het nog altyd daarna gestreef om 'n globale perspektief deel van ons kursusse te maak en ons het vanjaar ook die verpakking van ons MBA gewysig om te verseker dat dit met die wêreld se top MBA's ooreenkom."

Die A-gradering is nie 'n ranglysposisie nie maar 'n seleksie deur bestuurskoolhoofde wat stem oor die skole op 'n lys. Die USB het ook in 2008 'n A-gradering behaal.

'n Groot groep afgevaardigdes van oor die hele wêreld wat vandeesweek die EDUNIVERSAL-kongres bygewoon het, het ook die USB-kampus besoek.

Volgens EDUNIVERSAL is die volgende vraag aan die bestuurskoolhoofde in elke land gevra: "Watter bestuurskool (-skole) sal jy aanbeveel?" Daar word slegs van hierdie hoofde verwag om te antwoord ten opsigte van die skole waarvan hulle kennis dra. Hulle was dus nie verplig om vir elke land te stem nie. Hulle is ook versoek om 'n seleksie te maak en kon dus nie vir meer as die helfte van die bestuurskole per land gestem het nie.

EDUNIVERSAL het ook 4 000 webwerwe en dosyne publikasies bestudeer ter ondersteuning van sy Internasionale Wetenskaplike Komitee se keuse. Die Amptelike Seleksie gee dus op grond van hierdie werk 'n goeie oorsig van hoër onderrig in bestuur en besigheidsadministrasie.

Prof Smit, wat 'n lid van die International Scientific Committee van EDUNIVERSAL is, was ook die gasheer van 'n vergadering van hierdie komitee op die USB-kampus in Kaapstad.

Die 1 000 bestuurskole wat geselekteer is, is oor 150 lande versprei wat 97% van die wêreld se bevolking dek. Die belangrikste is egter dat hulle geselekteer is op grond van hul internasionale en nasionale invloed en erkenning.

Die USB is die eerste en enigste Suid-Afrikaanse bestuurskool met twee internasionale gehalte-akkreditasies: EQUIS van die European Foundation for Management Development (EFMD) en AMBA van die Association of MBAs.

Die USB is ook die enigste lid van die European Doctoral Association in Management and Business Administration (EDAMBA) buite Europa. Hierdie lidmaatskap is gegrond op die gehalte van sy PhD-program. Die USB is ook 'n lid van die VSA-gebaseerde Association to Advance Collegiate Schools of Business (AACSB).

Die USB is onlangs as een van die top 40 van die 100 voorste bestuurskole in die wêreld aangewys volgens die Aspen-Instituut se 2009-10 uitgawe van sy alternatiewe Beyond Grey Pinstripes-opname. Die USB is die enigste skool in Afrika wat op die Top 100 lys verskyn.

Gepubliseer op: October 29, 2009
Geplaas in: Algemeen, Korporatief & Alumni, Persverklarings, Studente

Plaas u kommentaar

Naam (vereiste)

E-pos (nie vir publikasie) (vereiste)

Kategorieë:

Advertensies (17)
AgriWetenskappe (4)
Akademies (95)
Algemeen (88)
BoschFees (5)
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (7)
Gesondheidswetenskappe (9)
Ingenieurswese (4)
Kennisgewings (30)
Konferensies (17)
Korporatief & Alumni (111)
Krygskunde (1)
Kuns en Kultuur (57)
Lesings (108)
Lettere en Sosiale Wetenskappe (9)
Natuurwetenskappe (21)
Navorsing (8)
Opvoedkunde (1)
Personeel (191)
Persverklarings (27)
Regsgeleerdheid (1)
Sport (13)
Studente (151)
Teologie (14)

Nuusbydraes:

Username

Password

Log in

Argief:

November 2009 (19)

October 2009 (104)
September 2009 (90)
August 2009 (125)
July 2009 (77)
June 2009 (70)
May 2009 (13)

Help?

RSS-voere:

Nuusartikels
Sustainable IT

Foto's:

Foto’s vir die media

Kalender:

October 2009

M	T	W	T	F	S	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

« Sep Nov »

Tags:

‘BoschFees Atletiek Biblioteek- en Inligtingsdiens brosjures Departement Biochemie Departement Chemie en Polimeerwetenskap Departement Engels Departement Musiek Departement Plant-en Dierkunde Endlersaal Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Ingenieurswese Fakulteit Teologie Festival Threads geen nuwe MIV-infeksies op kampus intreerede Jerome Slamat JS Gericke Biblioteek Kantoor vir Institusionele MIV Koördinering Konservatorium Konvokasie Lente Onderrigakademie Llewellyn MacMaster Maties MY MeDIA OSP Prof Magda Fourie prof Nina Schumann Prof Russel Botman Rektor oorsee Russel Botman Sasol Kunsmuseum selfoon SOL Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees Stellenbosch Universiteitskoor STIAS SumbandilaSat Sunsat Taalsentrum tweedehandse boeke Universiteit Stellenbosch USB US Taalsentrum werkswinkel

Plaas u kommentaar

CAPTCHA Code (required)

Kopiereg © 2009 - Universiteit Stellenbosch Nuusblog
Geskep deur - Kommunikasie en Skakeling
Terme van gebruik